

8 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 11:10 – 12:6
Fokusgedeelte: Jesaja 12:1-6

Die danklied van die verlostes

Jesaja 1 tot 12 is 'n eenheid. Ons fokusgedeelte in Jesaja 12:1-6 is inderdaad die hoogtepunt.

Jesaja word tereg die troosboek van die Ou Testament genoem. Jesaja wys die volk van God dat die Here, hulle God, heilig is en dat Hy onreg en vormgodsdienst nie verdra nie, daarom sal die volk in ballingskap gaan. Maar God is genadig. Al het Hy hulle verstrooi in ballingskap, uit die stomp van Isa sal daar 'n loot uitspruit.

Die Here self sal die oorblyfsel van sy volk laat terugkeer na hulle land. Die ballingskap is nie 'n doodloopstraat nie, God sal hulle daaruit lei, soos Hy destyds gedoen het om hulle uit Egipte te lei. Jesaja 12 is as't ware 'n lofsang om God te prys vir hierdie redding. God alleen bewerk redding vir sy volk. Soos Hy dit vir sy volk in Egipte gedoen het, so het Hy dit vir sy volk in ballingskap in Assirië gedoen.

So het Hy dit vir ons gedoen in Jesus Christus. Uit genade het Hy ons gered.

Ons kan vandag in ons lewe voel dat ons dalk in 'n doodloopstraat is. Onthou, nader tot God, en Hy sal tot julle nader (Jak. 4:4). Hy bly getrou. God se liefde is onbegryplik groot. Hy is met ons – Immanuel (Jes. 7:14 en Matt. 1:23).

Ons sal die nabyheid van God ervaar wanneer ons tot Hom nader. Dink aan sy afskeidswoorde in Matteus 28: "Ek is met julle al die dae tot by die voleinding van die wêreld." Ons moet ook vandag in ons wêreld getuig van God se reddende liefde en genade. Ons moet aan God ons dank betuig om Hom te loof en te prys en vir ander van Hom te vertel.

Ons lofprysing moet 'n natuurlike uitvloeisel van ons diepe dankbaarheid wees en ons getuigenis moet spontaan uit die lofprysing kom.

Sing: Psalm 116:7

Ds. DF Coetzee (Piet Retief)